



NASIONALE SENIORSERTIFIKAAT-EKSAMEN
NOVEMBER 2016

AFRIKAANS HUISTAAL: VRAESTEL I

NASIENRIGLYNE

Tyd: 3 uur

100 punte

Hierdie nasienriglyne word voorberei vir gebruik deur eksaminatore en hulpeksaminatore. Daar word van alle nasieners vereis om 'n standaardiseringsvergadering by te woon om te verseker dat die nasienriglyne konsekwent vertolk en toegepas word tydens die nasien van kandidate se skrifte.

Die IEB sal geen gesprek aanknoop of korrespondensie voer oor enige nasienriglyne nie. Daar word toegegee dat verskillende menings rondom sake van beklemtoning of detail in sodanige riglyne mag voorkom. Dit is ook voor die hand liggend dat, sonder die voordeel van bywoning van 'n standaardiseringsvergadering, daar verskillende interpretasies mag wees oor die toepassing van die nasienriglyne.

AFDELING A BEGRIP, TAAL EN STYL**VRAAG 1 BEGRIP, TAAL EN STYL**

- 1.1 1.1.1 Die briëfskrywer wil moontlik die afstand (weens die verskillende sienings) tussen hom en die aangesprokene verklein en verseker dat 'n goeie gesprek, soos wat in 'n volwasse demokrasie hoort, oor die saak aan die gang gesit word. Iets soos formaliteit moenie die gesprekvoering of -trant onnodig belemmer nie.
[*Oorweeg ander goedgeмотiveerde opsies. Paragraaf 1 moet betrek word.*] (2)
- 1.1.2 Enige gepaste aanhaling wat op 'n informele styl dui, byvoorbeeld:

"Beste Gareth"/'n aanhaling waar die aangesprokene op die naam genoem word.
Aanhalings van jy/jou (i.p.v. u) as voornaamwoord.
"Daar's baie Engelse musiek ..."/enige verswakte vorm. (1)
- 1.2 Dit is onvoldoende om een CD-winkel se rakke te bekyk en dan jou waarnemings en afleidings as 'n grondige gevolgtrekking voor te hou. (1)
- 1.3 Cliff suggereer in sy boek dat ons nie meer die trotse taalgroep van weleer is nie/nie meer oor diepte in ons kultuur en/of kunste beskik nie/dat hedendaagse Afrikaans vervlak het.
[*'n Goeie volsin wat die implisiete boodskap van die vrae vasvang.*] (1)
- 1.4 Hy/sy skryf 'n roman. (1)
- 1.5 Op die Afrikaanse musiekfront gaan dit baie goed/uitstekend.
OF
Jonger (Afrikaanse) talent kan byhou/meeding by of met die bestes internasionaal.
[*Idioom van keuse korrek EN binne die konteks verklaar.*] (1)
- 1.6 Dit verwys na die idee dat die spreker spog met Afrikaanse bekendes wat op ander terreine – bo en behalwe die letterkunde en die musiekfront – presteer. (1)
- 1.7 doef-doen – Klanknabootsing (oorweeg ook herhaling) wat aandui watter oppervlakkige, herhalende deuntjies in die naam van Engelse musiek bestaan.
[*Benoeming en effek: Negatiewe konnotasie van "doef-doen" moet gesnap word.*] (2)
- 1.8 -loos = sonder, dus is daar heelwat Engelse liedjies wat ook maar sonder enige waarde is/wat nie waarde tot die musiekbedryf toevoeg nie. (2)
- 1.9 silwerdoek – rolprentwese/filmbedryf
kykkassie – televisie
[*Beide sinonieme vir een punt.*] (1)

1.10 Shakespeare word as een die skrywers van alle tye voorgehou en dit is hy (en ander soortgelyke beroendes) wat status aan Engels verleen. Deur op dié manier na Engels te verwys, verskerp die uitroep: nie eens hierdie verhewe tipe taal en taalinvloede kan Engelse musiek vrywaar van swak kwaliteit nie. (Elke taal het sy goed en sy sleg.)

Ook met die verwysing na "Soetste Taal" in plaas van Afrikaans wil die briëfskrywer doelbewus 'n positiewe konnotasie aan hedendaagse Afrikaans heg omdat hy glo dat Afrikaans nog net so mooi of soet op die oor is – en selfs beter is as ooit (in teenstelling met Cliff se opmerkings).

[*Oorweeg ander oortuigende moontlikhede.*]

(2)

- 1.11
- Die ryk Afrikaanse kultuurlewe gedy: wêreldklas letterkunde en die lewendige, talentryke musiekbedryf is enkele bewyse hiervan.
 - Hoewel swak gehalte in Afrikaans insyfer, bestaan dit maar in enige taal (daar is ook swak Engelse musiek).
 - Selfs eerstewêreldlande lewer swak gehalte, maar die vrye keuse in demokrasieë moet gevier word.
 - Die reuse groei in die Afrikaanse bedryf en ook SA se groei as 'n demokrasie moet ondersteun word.

(3)

[*Enige drie hoofargumente*]

1.12 *Leerder se eie duidelik bewoorde standpunt waarin die teks direk/indirek betrek word en na die hedendaagse Afrikaanse kultuurbedryf verwys word. [Oorweeg beide kante van die saak.]*

Byvoorbeeld:

Die toeganklike hedendaagse Afrikaanse bedryf waarin nie noodwendig 'n streng beheer is oor wat gepubliseer, gesing of gelewer word nie, het 'n negatiewe impak op werklike kwaliteit. Enige Jan Rap en sy maat kan 'n CD vrystel of e-boek publiseer! Met wins/kitsroem dikwels as hoofogmerk – en die gepaardgaande popkultuur – kan 'n mens verstaan waarom Gareth Cliff voel die Afrikaanse kultuur het vervlak en kan nie meer vergelyk word met die Afrikaans van vroeër jare nie.

OF

Indien 'n mens werklik ingelig is oor wat in die hedendaagse Afrikaanse bedryf aan die gang is, kan jy nie anders as om opgewonde te raak nie. Daar is meer as genoeg kwaliteitprodukte wat getuig van verbysterende talent en harde, deurdagte werk. Natuurlik gaan daar werk van swak gehalte wees – dit was nog altyd daar en nie net in Afrikaans so nie. Demokrasie beteken o.a. vryheid van spraak en daarmee ook vrye keuse. Smaak het nog altyd verskil – meer keuses in die bedryf kan daarom nie as negatief gesien word nie.

(3)

1.13 Eie antwoord. Neologisme moet pas by die konteks waarin die woord gebruik word, bv. vlaklit/los-let.

(1)

1.14 Die toon van die skrywer tussen die talle hakies kan telkens as sarkasties gesien word. Die hakies kan dus as 'n stylstempel van die skrywer gesien word waardeur hy 'n subtile, tersyde hou of twee na die aangesprokene inkry.

(2)

1.15 Die tipe aantygings wat deur Gareth Cliff oor die Afrikaanse kultuur gemaak is, verdien om in die openbaar aangespreek te word, aangesien dit 'n groot saak is wat 'n klomp mense (willens of wetens) betrek./Om gesonde debat oor sulke tipe sake te voed, moet die teenargument openlik gevoer word – veral skrywers (soos Deon Meyer) het 'n verantwoordelikheid om gesonde denke en gesprek te stimuleer.

(1)

[*Oorweeg ander goedgeмотiveerde opsies.*]

[25]

VRAAG 2 TAAL EN STYL

- 2.1 • 2015, noudat ... – Die jaar word nou aangespreek asof dit 'n persoon is en 'n komma word (voor en) na 'n aanspreekvorm gebruik.
 • ... is, moet ... – Die komma word tussen twee gesegdes gebruik.
 • ... oorhandig, maar ... – Die komma word voor sekere voegwoorde gebruik.
 • ... uitgeteer, bewend ... – Die komma word tussen twee (of meer) bywoorde gebruik
 • ... kyk, maak ... – Die komma word tussen twee gesegdes gebruik.
 [*Enige twee korrekte komma-funksies.*] (2)
- 2.2 Die spreker het 'n "verhouding" met sy lewensjare: hy voel positief teenoor 2014 omdat dit vir hom 'n goeie jaar was en verwys hierna in die vroulike vorm (moontlik omdat die spreker self manlik is) – 'n sagter, liefdevoller verwysing. Vir 2015 span hy die manlike persoonlike voornaamwoord in hoofsaaklik omdat hy nie van hierdie (onopwindende) jaar gehou het nie en 'n moeiliker verhouding met "hom" gehad het.
 [*Let op eie bewoordings.*] (3)
- 2.3 Aanvanklik vra die spreker 2015 se "hand" om die ongemak van die groetery op laasgenoemde se "doodsbed" te vermy en dan soos hy met dié jaar begin gesels, beseft hy weer waarom hy so bly is dat hy moet groet en begin dan aggressief raak in dié handdrukery. (1)
- 2.4 2.4.1 Eers is my asem nogal (deur jou) weggeslaan./My asem is eers nogal (deur jou) weggeslaan. (1)
- 2.4.2 Bedrywende vorm – Dit maak sin om die klem op die jaar 2015 (die onderwerp) te hou aangesien die hele gedeelte van die teks beskryf hoe hierdie jaar is.
 OF
 Lydende vorm – In die lydende vorm val die klem op die effek wat die jaar op die spreker het/uit die voorafgaande paragraaf is dit voor die handliggend na wie of wat daar verwys word en is dit nie nodig om weer die onderwerp ("jy") te herhaal nie.
 [*'n Oortuigende motivering wat die konteks betrek.*] (1)
- 2.5 ag – Tussenwerpsel. Die spreker gebruik dié tussenwerpsel om die gebrek aan opwinding oor die jaar op te som ('n soort sug soos: Ag, nou ja ... daar is nie veel om te sê nie.) (2)

2.6 *Leerder se eie evaluering – Oorweeg Ja- of Nee-opsies, byvoorbeeld:*

Ja, 'n mens voel soms so emosioneel oor 'n jaar – veral aan die einde van die jaar (toe die rubriek geskryf is) en jy net voel dat die jaar nou moet klaarmaak. Boonop verbeeld die persoonifikasie die spreker se belewenis van verskillende jare op 'n kreatiewe wyse.

OF

Nee, die dood bly altyd 'n sensitiewe onderwerp en om grappies hieroor te maak en veral ook "te moor" maak die leser ongemaklik. Beeldspraak is net treffend wanneer die beeld die saak vir die leser "laat lewe" en só oortuig.

(2)

2.7 *Leerder se eie gepersonifiseerde beeld van sy/haar matriekjaar in ongeveer twee sinne, bv.*

Matriekjaar, met jou snelle treë het jy my tot 'n drafstap gedwing tot waar ek hier – sonder 'n behoorlike asemteug – dit uitspook in 'n eindeksamen. En nou ... nou hardloop jy onder my uit!

(2)

2.8 Die ellips dui aan dat die spreker nie sy spreekbeurt (teenoor die dokter) voltooi nie – amper asof hy te ongelowig is om hardop te sê dat die jaar nie "dood is nie" (al het hy hom "versmoor")./Die ellips dui op hoe traag dit wat die dokter pas vir hom meegedeel het, nl. dat die jaar nie "dood is nie", by hom insink./Die ellips dui daarop dat die spreker hom betyds bedink (voordat hy sy ware kleure teenoor die dokter laat blyk).

[*Let op eie bewoordinge.*]

(1)

[15]

VRAAG 3 OPSOMMING

Voorgestelde paragraaf:

Raad aan voornemende studente

Matriekvakke moet versigtig gekies word om opsies met kursusmoontlikhede oop te hou. (Fisiese Wetenskap kan byvoorbeeld nuttig wees.) Skakel egter onnodige vakke uit; fokus op jou sterkpunte. Veg vir keuring by jou voorkeuringstelling – al begin jy elders met die oog op latere oorplasing. Win ook voldoende inligting in (skole-inligting en dié in universiteitsbrosjures is soms beperk) én oorweeg skaduwark in jou veld. Groot maatskappy maak laasgenoemde moontlik. Handhaaf 'n oop gemoed – sekere grade is nie die alfa en die omega nie. Dink groot genoeg en gesels met die regte mense.

90 woorde

[16 feite – *let op ander bewoordinge*]

Metingskaal:

Inhoud	6	5	4	3	2	1
Volledig bewoorde feite. (Korrekte fokus – raad/wenke)	16–14 feite	13–11 feite	10–8 feite	7–5 feite	4–3 feite	2–1 feit(e)
Taal en Styl	4	3	2	1		
Korrekte, goeie taal en puntuasie. Volsinne; bondige en gepaste styl asook toon en register. (Formeel, raadgewend, student-gerig.) Eie woorde. Samehangende, logiese paragraaf.	Uitstekend	Goed	Gemiddeld	Swak		

Tel kolomme punt vir punt uit 10 op.

- Penaliseer met 1 punt indien woordperk met vier woorde oorskry is en tot 3 punte indien heelwat oor die woordperk is.
- Penaliseer met 1 punt indien woordperk nie aangedui is nie/foutief aangedui is.
- Penaliseer met 1 punt indien paragraafformaat nie gebruik is nie/in meer as een paragraaf opgesom is.
- Penaliseer met 1 punt indien geen opskrif nie/'n halfpunt indien gegewe opskrif nie gebruik is nie.

[10]

50 punte

AFDELING B POËSIE**VRAAG 4 VOORBEREIDE GEDIG – VERPLIGTE VRAAG**

4.1 Demosthenes was 'n beroemde Griekse orator (384–324 voor Christus) wat dikwels langs die see geloop en oefen het aan sy toesprake, en om vlotter te kan praat. Hy het klippies in sy mond gesit (die letterlike betekenis van klipkouer), en teen die geraas van die golwe in gepraat om so sy haggelry/spraakgebrek te bowe te kom. Die derde deel van die titel "digby kalamata" betrek die Griekse hawestad en dit is naby hierdie stad se strand waar Demosthenes meestal gaan oefen het. (3)

4.2 Om klippe te kou verwys gewoonlik na swaarkry: Demosthenes was 'n goeie toespraakskrywer, maar weens sy spraakgebrek was hy aanvanklik nie 'n goeie spreker nie – sy openbare optredes is met spot begroet wat hom laat swaarkry het. [*Oorweeg moontlikhede wat die metapoësie-laag reeds van die titel af betrek, nl. dat 'n digter (kunstenaar) as buitestander soos Demosthenes swaarkry met sy eie aard, skeppingswerk en veral met woorde in 'n soort stryd gewikkel is.*] (1)

4.3 Die punte (so in die middel van reëls 14, 15, 20) is telkens aan die einde van verskillende aksies van die spreker./Dit is dalk 'n soort voorstelling van Demosthenes se haggelry. (1)

4.4 4.4.1 Die alleenplasing hef belangrike oomblikke vir die spreker uit: sy drang om homself heeltemal te isoleer in r. 8 (sy alleenheid word ook terselfdertyd deur die alleenplasing uitgebeeld) én sy figuurlike hergeboorte in r. 27 (die groot dag word uitgesonder deur die alleenplasing.)

[*Let op dat leerders die funksie van die alleenplasing van die twee reëls as 'n groot geheel behoort aan te pak, maar dat sommige leerders dalk 'n funksie per reël kan gee.*] (1)

4.4.2 In reël 8 begeer die spreker nog om homself te kan "toemaak"/te isoleer van mense, maar hy besef dat so 'n kluisenaarsbestaan nie moontlik is nie. Hy moet homself laat geld (met die woord) tussen ander mense en deur sy oefeninge ("geskaaf" en "vorm gee") groei hy tot die beste orator van sy tyd en spoeg die "klippies" (die woorde wat "sáám" sinne en dan groot boodskappe word) "mosaïekfyn" (verwerk), "glad" en "koeëlronde" (afgerond) uit sy mond in 'n gretige "groet". Hierdie progressie (ook in sy houding teenoor mense) is vir hom soos 'n wonderwerk of hergeboorte wat hy in reël 27 beskryf as 'n "eerste dag" wat rondom hom "oopgaan" – in kontras met sy aanvanklike gevoelens. [oop-toe-kontras; progressie-bespreking] (3)

4.5 *Hier is talle moontlikhede wat die leerder kan gebruik om tweede (dalk derde?), toepassingsmoontlikheid van die gedig, op klein skaal, te kan ontsluit, byvoorbeeld:*

r. 10 – waar almal aldag op my tone trap [– neerskryf van oortuigende reël]

Met die skryfproses stel jy jouself baie dikwels bloot en is uitgelewer aan kritiek van resensente, letterkundiges en die publiek. Dit kan baie maklik vir 'n digter voel of daar gereeld op sy tone getrap word [– verduideliking]

OF

r. 19 – ek kies 'n paar en speel met hulle

Klippies wat metafories vir woorde is in die gedig is 'n digter se belangrikste gebruiksmiddel in die skep van 'n gedig. In die skryfproses wik en weeg die digter elke woord, bedink woordkeuses en ontgin woordspel-moontlikhede.

OF

r. 27 – die dag het soos 'n eerste rondom my oopgegaan.

Elke gedig of kunswerk wat tot stand kom, voel vir 'n digter dikwels soos 'n pynlike, maar wonderbaarlike geboorteproses wat afgehandel is. Na heelwat stryd, skenk hy/sy lewe aan iets nuuts (interessant dat met r. 27 se skryf dié hele gedig, na klippe gekou is, voltooi is).

(3)
[12]

VRAAG 5 VOORBEREIDE GEDIG – KEUSEVRAAG

5.1 5.1.1 Die gedig bestaan uit twee kwatryne (wat saam 'n oktaaf vorm) en 'n sestet en het 'n vaste rymskema: in dié geval kruisrym (abab, cdcd) in die oktaaf en 'n efg,gef-patroon in die sestet.

(2)

5.1.2 Ja, hoewel subtiel, bevat hierdie gedig wel 'n wending.

r. 8 "terwyl ek op die maan se loskom wag" – Die draaipunt in die gedig is effens vroeër as in 'n tradisioneel Italiaanse sonnet, maar hierdie reël dui simbolies op 'n oorgang van kindwees na volwassenheid. (Hierdie "loskom" van die spreker se kinders-/droomwêreld is juis wat die angstigtheid en broosheid (in die sestet) as nagevolg meebring.)

OF

r. 9 – "Die res is alles duister en verward ..." – Na die beskrywing in die oktaaf (twee kwatryne) verwag 'n mens 'n verdieping in die sestet en nou kan die spreker nie meer verder onthou nie, maar juis dit is 'n soort verdieping: die emosionele belewenis van hierdie aand en die besef dat die jeug/skoonheid verganklik is.

OF

r. 12 by "skielik" – die besef dat sy klaar is met die dinge van 'n kind en dit maak haar emosioneel, maar ook afwagtend op die nuwe fase in haar lewe (pols = nuwe lewe).

OF

Let op oortuigende motivering met r. 10 of die feit dat hierdie gedig juis as 'n voorbeeld van Impressionistiese (skryf-) kuns voorgehou word, waar indrukke in rowwe, breë "kwasale" vasgevang word en die sestet waar die spreker moet verdiep, die reël begin met "Die res" (al die res) wat "duister" en "verward" is en dat juis dit 'n vorm van verdieping is: die "weiering" om sulke komplekse gewaarwordinge en emosies te konkreet vas te pen
[Een punt vir gepaste reël; een punt vir oortuigende motivering.]

OF

Nee, hierdie gedig bevat nie 'n volledige ommekeer of verandering of verdieping of toepassing nie en toon daarom trekke van 'n Engelse sonnet wat innerlike bou betref. Een deurlopende gedagtegang van grootword in die eerste deel van die gedig wat opbou na 'n hoogtepunt in die spreker se uitbarsting van haar emosies.

[Een punt aan hoofgedagte gekoppel; een punt klimaks aan inhoud gekoppel.]

(2)

5.2 "soos naeltjies"/"gekneusde gras"/"ek weet"

(1)

- 5.3 Iets kosbaars (soos jou jeugjare) kan nie vir altyd behoue bly nie – alles, ook die mooi in die lewe, is verganklik./Die mens ervaar dikwels 'n gevoel van eensaamheid omdat jy nie jou diepste gevoelens met ander kan deel nie.
[*'n Goedbewoorde, gepaste tema.*] (1)
- 5.4 Behalwe vir een of twee duidelike indrukke (impressionisme) onthou die spreker nie meer sy/haar kinderherinneringe of die aand in die gedig ter sprake presies of gedetailleerd nie. Die ellips aan die einde van r. 9 suggereer juis dat detail haar ontglip/dui op onvoltooide gedagtes/suggereer dalk dat die spreker oorstelp voel omdat sy verward is oor daardie aand.
[*Verklaring van reël en ellips – r. 9*]
OF
Reël 10 verwys na die spreker wat die maan se beweging volg soos wat hy weggaan en die ellips hier dui die feit dat die maan aanhou beweeg aan/suggereer dat hierdie mooi natuurbeeld of oomblik van korte duur is.
[*Verklaring van reël en ellips – r. 10*] (2)

OF

VRAAG 6 VOORBEREIDE GEDIG – KEUSEVRAAG

- 6.1 6.1.1 Die rymskema: abab (kruisrym), cdcd (kruisrym), efef (kruisrym) en gg (paarrym) skep 'n duidelike verdeling in die 14 versreëls in drie kwatryne en 'n koeplet. (2)
- 6.1.2 (Metingskaal) (3)
- 6.2 "geheime wasdom" (1)
- 6.3 Die retoriese vraag betrek die leser en beeld iets uit van die spreker se verwondering oor die insig waartoe hy gekom het, nl. dat dit wat oënskynlik stil, donker en vol geheime was (winter) eintlik ewe ryk (of selfs ryker) is – en nie alleenlik somer waarin die ryppwordingsproses sigbaar is nie.
[*Let op eie bewoordings waarin reëls verklaar word en kontekstuele funksie vir retoriese vraag.*] (2)

[8]

VRAAG 7 ONVOORBEREIDE GEDIG – VERPLIGTE VRAAG

- 7.1 7.1.1 In die gedig verwys "slag" die skielike, harde geluid van die ongeluk tussen die fiets en die motor (wat net gesuggereer word) waaraan die spreker terugdink ("was ... op so 'n dag") (1)
- 7.1.2 Die spreker kan bedoel dat dié toneel met die kind wat verby motors skeer, hom herinner aan die keer/slag toe hy in 'n soortgelyke scenario was (die spreker se uitkoms is natuurlik anders).
OF
Die ongeluk waarin die spreker was, het 'n groot impak op hom en laat hom ongelukkig en hartseer – 'n groot slag. (1)
- 7.2 In strofe 1 sien die spreker die besige straat vanuit sy kamervenster.
In strofe 2 sien hy/sy 'n kind vinnig en rakelings/net-net verby motors (oor 'n straat) beweeg.
In strofe 3 is daar 'n vrou wat die kind aan die ander kant van die straat vang en vasdruk. Die spreker sien ook haar dankbaarheid dat die kind dit gemaak het/dat die vrou oor die kind buk in haar vashou van die kind – soos wat 'n mens sou buk vir gebed.
Strofe 4 speel in die spreker se geestesoog af waar hy "sien" hoe hyself op 'n fiets gejaag het en (te) vinnig om 'n draai gegaan het. 4/2 (2)
- 7.3 Uit die vrou se perspektief – "Dankie, Heer, dat hierdie kind dit oor hierdie straat lewendig gemaak het."
OF
Uit die spreker se perspektief (indien jy reël 8 aan reël 9 haak – geen leestekens nie) – "Heer, gee dat ek asseblief nie die dag van my ongeluk weer voor my sien afspeel nie." (1)
- 7.4 Daar word gesuggereer dat die spreker te wild, met onbeteuelde ekstase en amper roekeloos om die draai met sy fiets gery het. (1)
- 7.5 Dit beeld die beweging van die fiets – veral die versnelling om die draai – op 'n visuele manier uit.
[Oorweeg ander moontlikhede.] (1)
- 7.6 7.6.1 Die ongeluk/die slag waar ek met my fiets voor 'n motor ingery het (en waarna ek verlam is), was net op so 'n dag.
OF
Dit was net op so 'n dag soos vandag met die seun en die motors dat my fietsongeluk plaasgevind het/verlam geraak het. (1)
- 7.6.2
- Alleenplasing
 - Die feit dat dit rym met die titel en 'n soort kringloop voltrek word.
 - Die skielike tydsverandering in hierdie reël na die verlede tyd (in kontras met die res van die gedig wat in die teenwoordige tyd en/of historiese teenwoordige tyd geskryf word)
- [Ander moontlikhede kan ook in ag geneem word.] (2)

[10]**30 punte**

AFDELING C VISUELE GELETTERDHEID, KRITIESE TAALBEWUSTHEID**VRAAG 8 SPOTPRENT**

- 8.1 Die vrou staan by stapels skottelgoed, agter haar is 'n vol mandjie strykgoed en die strykplank – en yster sigbaar. Op die doenlisy teen die muur verskyn 'n hele lang lys werk wat waarskynlik deur haar afgehandel is. Hierop verskyn boonop werk wat nie in die spotprent sigbaar is nie, bv. kinders gaan haal, kinders bad, boeke oortrek, Die kinders sit aan die eetkamertafel met eetgerei (wat kos wat gemaak is/gemaak gaan word voorstel) en huiswerk doen moontlik sodat die vrou 'n ogie kan hou oor hulle vordering.
Iewers tussendeur alles vra die man boonop vir 'n koppie koffie.
[*Enige drie visuele bewyse uit die vrou se ruimte.*] (3)
- 8.2 Terwyl die vrou oorwerk is, sit die man luilekker agteroor op die rusbank en rus. Sy oë is toe, sy skoene is uitgeskop en das effens losgeknoop, sy lyf is in ontspanne posisie. [*Enige twee lyftaal-aspekte.*] (2)
- 8.3 Die man gebruik die troetelaanspreekvorm vir sy vrou moontlik liefdevol of vriendelik omdat hy haar versoek om koffie te maak. Die "Hartjie" as aanspreekvorm vir die man kan in hierdie konteks sarkasties wees – veral omdat die vrou na haarself as "Superma" verwys wat "net gou" besig is terwyl sy eintlik baie werk het OF die toon van "Hartjie" in die vrou se spraakborrel kan as onderdanig gesien word – dat sy toelaat dat sy, ten spyte van al haar werk, nog haar man ook moet bedien.
[Oorweeg ander goedgeмотiveerde moontlikhede wat duidelik die verskil belig.] (2)
- 8.4 Hul vertolk die onderskeie rolle van man en vrou in hierdie gesin (let op die ek-verteller): die regterkantse muis dink wat die man behoort te besef en die linkerkantse muis sê wat die vrou behoort te sê – asof die twee muis eintlik kommentaar lewer op wat hier aan die gang is. (1)

[8]

VRAAG 9 TYDSKRIFVOORBLAAIE

- 9.1 9.1.1 Groter, vetgedrukte lettertipe word ingespan om die hoofberigte aan te dui, asook groot voorbladfoto's. Die plasing van die hoofberig is tradisioneel aan die regterkant van 'n blad om saam met die blaaï-aksie te val. [Enige twee.] (2)
- 9.1.2 Stories oor bekendes se persoonlike lewens en veral dramas/Stories wat opspraak verwek of sensasioneel is. (1)
- 9.2 *Huisgenoot* oordryf beslis op hierdie twee voorblaaie 'n skeisaak wat 'n redelike alledaagse verskynsel is en wel steeds 'n sensitiewe saak vir die betrokkenes is bloot omdat dit bekendes is wat skei of nog nie eers (op die tydstip) skei nie – in die poging om meer tydskrifte te verkoop. (Feitelike joernalistiek, omsigtigheid, geloofwaardigheid en sensitiwiteit is ondergeskik aan verkoopsyfers.)
- Beide **foto's** is gemanipuleer deur 'n rekenaar. Dit is beslis nie die paartjies self wat die foto's so opgeskeur het nie en deur dié digitaal geskeurde foto's van oorspronklike troufoto's (waarop die paartjies eens gelukkig en verlief voorkom) verhoog op 'n visuele manier die drama agter die storie.
- Die **woordkeuses** in die op- en byskrifte dui daarop dat die beriggewing nie so geloofwaardig is nie. Om byvoorbeeld "skinderstories" (in Teks 9) oor Ivan en Donnalee – bloot omdat hul mede-akteurs is – aan die huweliksverbrokkeling te koppel, getuig nie van feitelikheid nie. Let op dat die vraag (nog nie 'n voldonge feit nie) of hul meer as net vriende is die hooffokus geniet eerder as die stelling dat sy skei – die klem val op die sensasiewaarde van die storie. Die dramatiese metafoor in Heino se geval, nl. dat sy "liefdesprokie aan skerwe" is én dat sy huwelik in "stormwaters" is, is 'n bewys van woordkeuses wat op die drama eerder as die feite fokus.
- Die **substories** is in Teks 9 se geval nog net op bewerings gegrond en Donnalee en Ivan se (professionele) verhouding het, vir nou, niks te make met haar en haar man se skeisaak nie. In Teks 10 word die sub storie van Heino se rol in *7de Laan* waar hy die karakter Altus vertolk gebruik om die aaklige kontras te beklemtoon: In die fiktiewe wêreld raak hy en Paula versoen, maar in die regte wêreld blyk die kanse op versoening tussen hom en sy vrou min te wees. Wat in *7de Laan* gebeur, het eintlik niks met sy huwelik te make nie – dus: blote sensasie! (6)
- 9.3 Die tydskrif het natuurlik gesoek na 'n "gepaste" foto van 'n diepbekommerde Ivan (waarskynlik in een van sy rolle of in 'n heel ander konteks geneem) juis om dit te laat lyk of hy bekommerd is oor inligting (skinderstories?!) wat op die lappe gaan kom of selfs om hom skuldig te laat lyk. (1)
- 9.4 Dit is ironies dat daar op beide voorblaaie hartseer hoofberigte oor skeisake is terwyl die substories in skrilte kontras hiermee staan: die uitroep oor Blapsie se troue, Ryk en sy verloofde se tevredenheid, die geluk van die paartjie ten spyte van 'n ouderdomsverskil en die vreugde van 'n doopdag (met die ma 'n oënskynlik gelukkige prinses met iewers 'n prins aan haar sy). (2)

[12]

20 punte

Totaal: 100 punte